

'n Gebruiksgebaseerde beskrywing van Afrikaanse sintaktiese konstruksies met wees

30 Julie 2025

Make today matter



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Faculty of Humanities

Fakulteit Geesteswetenskappe



Kontekstualisering

- Korpora word al hoe groter
- Hoëfrekwensiekonstruksies nie gewild wanneer datagedrewe beskrywings gedoen word nie
- Tot nou ...
- Dankie, by voorbaat, vir die AAG-span, en veral Gerhard van Huyssteen en Adri Breed, vir al die sintaksisdinkskrumssessies. Ek ploeg vandag met kallers wat ook aan julle behoort.



Oorsig

- Metodologie
- Die kategorisering van Afrikaanse werkwoorde
- Bestaande literatuur
- Data-analise & bespreking
 - *wees* in die kopulakonstruksie
 - *wees* in ander konstruksies
 - *wees* in die passiefkonstruksie



Metodologie

- Korpus: 2023-data uit NWU-Kommentaarkorpus (KomCor)
 - Ongeredigeerde data
 - Webbladkommentaar
 - Grootte: ~1 004 889 woorde
 - Frekwensie van *die*: 46 072
 - Frekwensie:
 - *is* (met enklitiese vorme en samegroeings): 26 410
 - *was*: 3 521
 - *wees*: 2 256
 - *gewees*: 336

Metodologie

- Annotasieproses
 - Bereken grootte van steekproef wat maksimaal verteenwoordigend sal wees van die hele datastel (<https://select-statistics.co.uk/calculators/sample-size-calculator-population-proportion/>)
 - Instellings
 - 4% foutmarge
 - 97% vertrouensvlak
 - Data onttrek, lukraak gerangskik, voorgestelde hoeveelheid geannoteer
- Annotasieriglyne
 - Annoteer elke instansie vir *tipe*, *SUBJ*, *niehoofwerkwoorde*
 - *Kopulas* >> tipe kopulakomplement, kern van XP
 - NP-komplemente >> identifiserend/beskrywend
 - Passiewe >> hoofwerkwoord, met/sonder agensadjunk
 - Ander >> V-betekenis

Vrywaring 1

- Beskrywing is nie verteenwoordigend van Afrikaans in den brede nie
 - Baie spesifieke konteks
 - Baie spesifieke deelnemers
 - Baie spesifieke doel
 - Baie spesifieke tipe gesprek
- Hoekom dan?
 - Ongeredigeerde data > naaste geskrewe data aan gesproke/natuurlike taal
 - Kan aanduidings gee van veranderinge wat aan die gebeur is



Vrywaring 2




Afrikaanse werkwoorde

- 'n Werkwoord is 'n element wat as die spil van 'n sin kan optree (Ponelis 1979: 187).
 - *Nou **dans** die poppe.*
 - *Nou **sal/moet/gaan** die poppe dans.*
 - *Ek **is** gereed.*
 - *Ek **kan** oor tien minute gereed wees.*
 - ***Dans** die poppe al?*
 - ***Gaan** die poppe dans?*
 - ***Is** jy gereed?*
 - ***Sal** jy oor tien minute gereed wees?*



Die kategorisering van Afrikaanse werkwoorde



Hoofwerkwoorde

- Kopula
SUBJ V.COP COPCOMP (ADJT) > Haas, ek **is** so bly jy is hier!
- Onpersoonlik
dit V.IMPRS (ADJT) > Ruik jy katbos en kambro, as dit **reën** in die Klein Karoo ...
- Onoorganklik
SUBJ V.INTR (ADJT) > 'n Verwaande mens **lag** net wanneer dit hom pas
- Kompleks onoorganklik
SUBJ V.INTR ACOMP (ADJT) > Nou **woon** hy in sy eie woonstel.
- Oorganklik
SUBJ V.TR OBJ (ADJT) > Ek **huur** tans 'n eiendom in Pretoria ...
SUBJ V.TR PREPOBJ (ADJT) > Appellant nr 1 **appelleer** teen sy skuldigbevinding ...
- Kompleks oorganklik
SUBJ V.TR OBJ OBJCOMP (ADJT) > Ons verliese **maak** ons siek.
- Dubbeloorganklik
SUBJ V.TR OBJ IO (ADJT) > Nuwe wysigings **gee** die minister die nodige magtiging...




Niehoofwerkwoorde

- Hulpwerkwoord van tyd
het > Kon jy nie uitgegaan **het** voordat die flik begin **het** nie?
- Hulpwerkwoord van modaliteit
epistemies > Hulle sal eendag hulle fout agterkom en dan **kan** dit ... te laat wees.
deonties > Nou sal ons self **moet** verseker dat Afrikaans oorleef ...
- Omskrywingswerkwoord
word > Nou kan tereg gevra **word** of geeste kan voortplant ...
is > Hierdie Skrif **is** gelees en verstaan deur eenvoudige mense uit die antieke tye ...
was > ... daar **was** besluit om 'n Grondkomitee te stig.
- Direkte skakelwerkwoord
V.LINK V > Nuusagentskappe **begin** weer smee vir onderhoude.
- Indirekte skakelwerkwoord
V.LINK PTCL.LINK V > Nou vir wat **sit** en slaap jy so, he?



Die kategorisering van Afrikaanse werkwoorde



wees as kompleks onoorganklike werkwoord

- Kategorie met tipe ADJT wat verplig is, word nie in bestaande literatuur oor Afrikaanse werkwoorde onderskei nie
- Word wel beskryf in
 - Biber *et al.* (1999: 143): Engels
 - e-ANS (<http://ans.ruhosting.nl/e-ans/18/03/body.html>): Nederlands
- Sy **woon** in Pretoria (teenoor Sy **is** moeg)
- Sy **is** in Pretoria >> Sy bevind haar / kuier / woon / ... in Pretoria
- Semantiese grense bly wollerig
- Daarom: Kategoriseer op grond van VORM en FUNKSIE (in navolging van Biber *et al* 1999: 143)
 - **wees** met PP/ADVP/RELC (vorm) wat beskryf wanneer/waar/hoe gewees word (funksie) as komplement = kompleks onoorganklike werkwoord



wees as kopula

- Kopulas: is, lyk, blyk, skyn, heet, was ...
- is >> was
 - Jan **was** siek.
 - Jan **was** siek **gewees**.
 - Jan **is** siek **gewees**.
 - ?Jan **het** hier **gewees**.
 - Jan kon hier **gewees** **het**.

Ponelis (1979: 269)

- Semanties: Denoteer 'n toestand
 - Bestaan: *Manlief, as jy jou vrou se spieël **is**, wat sien sy?*
 - Aspektuele spesifikasies: *... jou poeding **kom** elke keer 'n bietjie droog.*
 - Modale spesifikasies *Nou **lyk** die dorp soos die stasie naambord.*
- Van Rooy (2020b): Daar is nie in die literatuur eenstemmigheid oor die semantiese bydrae wat 'n kopula self lewer nie.
- Hier: Kopula lê identifiserende of beskrywende verband tussen die SUBJ en die COPCOMP



wees as kopula II

- Kopulakomplement – verpligte sinsdeel wat volg op kopula
 - NP: Identifiserende en beskrywende verband
 - AP: Beskrywende verband
 - PP: Beskrywende verband
 - Klous (veral komplementbysin): Beskrywende verband



wees as omskrywingswerkwoord

- SUBJ V.AUX V_{PST} (PP)
- V.AUX = *word* in teenwoordige tyd; *is* in verlede tyd
 - *Groot prooidiere se vleis **word** deur die skrikwekkende tande afgeskeur.*
 - *'n Pakket wat jare moes hou **is** opgevrete deur die hoë inflasie koers in die land ...*
 - *Meer as twintig lede **was** aangekla van verraad maar is later vrygespreek.*
 - *Ons **was** saamgebind deur 'n band wat uit die smagting en soeke na welvaart, erkenning en respek bestaan het.*
- *was* – kontensieuse kwessie
- Onoorganklike passief: *daar* V.AUX V_{PST} (PP)
 - *... **daar word** meer deur gebed **verrig** as wat ons besef.*
 - *... het sy gesien **daar is** by die huis **ingebreek**.*
 - *Drie weke voor dié voorval **is** by die winkel **ingebreek** ...*



wees in ander konstruksies

- *is* in onpersoonlike konstruksie (Ponelis 1979: 408):
 - Sluit in
 - Onoorganklike passief
 - Kompleks onoorganklike konstruksies met *daar* as SUBJ
 - NBste eienskap: temaloosheid (Ponelis 1979: 409) – gevolg van „leë” SUBJ
 - Semantiese gewig daarom by predikaat en nie by SUBJ nie
- *is* as verlede tyd van *gaan*
 - Relik van die Nederlandse verledetydskonstruksie (Ponelis 1979: 266).
 - *is* met verledetydsbetekenis
 - Sy ***is*** hospitaal toe.
 - Sy ***het*** hospitaal toe ***gegaan***.



wees in KomCor

	COP	V.INTR	V.AUX	Ander	Totaal
<i>is</i>	333	90	40		463
<i>was</i>	264	91	48	4	407
<i>wees</i>	258	67	8		333
<i>gewees</i>	89	27	38	41	195



Die kopulakonstruksie

- Al vier vorme kom die dikwelsste in dié konstruksie voor
- Kopulakomplemente

	NP	AP	PP	COMPC	RELC	Ander C	Totaal
<i>is</i>	135	156	9	14	17	2	333
<i>was</i>	113	131	8	11	1	0	264
<i>wees</i>	73	168	10	4	0	3	258
<i>gewees</i>	37	49	3	0	0	0	89



Die kopulakonstruksie: Voorbeelde

- PP-komplemente
 - *Pretoria **is*** van groot belang.
 - *Julle moet nou mos in die sewende hemel **wees**.*
 - *Skors hom, en verbied hom by alle skole, as Sy my dogter gewees het, **was** hy nou by avbob.*
- Klouskomplemente
 - *Die vraag moet eerder **wees*** - wat is 'n mens sonder die Heilige Gees?
 - *Feit **is** <EIENAAM>* beskik nie oor die vermoë om die bestaande instellings te bestuur nie.
 - *Die rede vir die negatiewe korrespondensie glo ek kan **wees*** omdat die Terapeutiese rol wat Maatskaplike werkers moontlik speel nie genoeg beklemtoon word nie.



Die kopulakonstruksie: Voorbeelde

- SUBJ- (en V.AUX)-weglating by *gewees*
 - *Moet 'n hael storm gewees het.*
 - *Sou baie meer geloofwaardig gewees het as hulle almal " gename en geshame " kon word.*
 - *Paar jaar gelede mooi plek gewees ...*
 - *Soustreinryer gewees.*
 - *Uitstekend gewees.*
 - *Uitstekende reeks gewees.*
 - *lekker gewees om in media te spog hoe julle besighede en huise se krag af sit en agresief op tree.*



Die kopulakonstruksie: Voorbeelde

- Verlede tyd
 - ... en **is** so onvriendelik soos nogiets gewees.
 - Een koppie gif **is** seker genoeg gewees.
 - So hoe **kan** daar "n misvertand gewees het.
 - ... **laat** daai moordenaar net wit gewees het.
 - **sal** daar geen alternatiewe nodig gewees het nie.
 - Hulle besluit **was** die regte besluit gewees. (41 voorbeelde van was gewees)



Die kompleks onoorganklike konstruksie

- Voorbeelde
 - *Dit **is** omdat niemand bereid is om hom te stuit nie.* > gebeur
 - *suid-afrika **is** rommelstatus.* > het
 - *Mooi span nou net daai draad dat die Wes Kaap op sy eie **is**.* > funksioneer
 - *Hierdie berig **is** net om ons te waarsku die prys van eiers gaan die hoogte inskiet.* > bestaan
 - *... bloot net omdat hulle op Idols **was**.* > verskyn het
- Heelparty voorbeelde van die onpersoonlike konstruksie (N = 109)
 - ***Daar** behoort tronkstraf te **wees** vir sekere mense wat die goed gemandaat het.*
 - *Kyk of **daar** ooit "n lisensie lisensie **was**.*
 - *Nou **is daar** 'n groot oorbevolking van robbe wat al die vis opvreet en die pikkewyne vrek van die honger.*
- Verlede tyd van gaan (9 met is, 2 met was)
 - *ja tussen drie maar ai ai ai **was** broekskeur...*
 - *Die land **is** oor die afgrond.*



Die passiefkonstruksie

- Agensloos baie meer frekwent as met agens (127:7)
- *is* en *was* kom dikwels voor as omskrywingswerkwoorde (N = 40 en 48 onderskeidelik)
 - *is* met 35 unieke V's
 - *vrygelaat, gesteel, gegee, gedoen, aangestel* elk twee maal
 - 2 onpersoonlike passiewe
 - *was* met 42 unieke V's
 - *aangestel, gebombardeer, gedoen, gesê, toegelaat, uitgelag* elk twee maal
 - 4 onpersoonlike passiewe
- *wees* en *gewees* kom ook voor in passiefkonstruksie
 - *wees* met 7 unieke V's
 - *gedoen* kom twee maal voor
 - 1 onpersoonlike passief
 - *gewees* met 36 unieke V's
 - *gespaar* kom drie maal voor



was in die passiefkonstruksie

- *...hy was voorheen aangekla ...*
- *Maar kwaad was klaar gedoen.*
- *Deur die geskiedenis was troonopvolgers gehaat.*
- *Moeilik om te glo maar daar was eers trou fotos geneem.*
- *Daar was niks gese teen jul "reels".*
- *Die seuntjie se gesiggie was al voorheen gewys*
- *Dit was hier geskep en is uniek.*



wees en gewees in die passiefkonstruksie

- **wees**
 - *As hulle uitgereik word moet dit op die stelsel aangedui **wees**, asook waarvoor.*
 - *Oor 'n honderd jaar sal daar steeds net mooi niks gedoen **wees** nie.*
 - *Die "raadskomitee" sal ook deur <EINAAM> ondersteuners gelaai **wees**.*
 - *... want hy sal opgestel **wees** vir mislukking.*
 - *Sou hy vermoor **wees**, is dit die teken dat "Die Kameel se rug gebreek is".*
- **gewees**
 - *... was ek self as soos vele ander mense reg van vooraf in die aankomende verkeer se gesig in , verras **gewees** deur 'n persoon wat in die pad inspring.*
 - *Sy moes lankal al aangekla **gewees** het.*
 - *Moes gehang **gewees** het.*
 - *Moes lewenslange gevangenisstraf opgelê **gewees** het.*



Wat gaan aan met die passiefkonstruksie?

- Dit is soms onmoontlik om te onderskei ...
 - *Die muur is gister deur hulle geverf.*
 - *Die muur is geverf.*
 - *Die muur is blou.*
- Kirsten (2015) ondersoek *was* in die passief:
 - *was* kom al in die passief voor sedert 1911
 - Voorkoms is besig om af te neem
 - Word meestal in voorverledetyd gebruik
 - Is die resultaat van konstruksiekontaminasie (nie empiries bewys nie)
- Maar dinge is definitief besig om te verander
- Taalverandering as 'n evolusieproses



Taalevolusie (Croft 2000, ...)

- Beskou taalverandering as 'n evolusionêre proses
 - Verandering vind plaas deur replisering
- Taalevolusie
 - Replikators = lingueme (uitings)
 - Replikators word elke keer gerepliseer wanneer hulle gebruik word
 - Variasie ontstaan as gevolg van onvolmaakte kopiëring
 - Seleksiedruk bevoordeel variasie
 - Variasie versprei (die oorspronklike sterf uit)
 - Populasie = spraakgemeenskap waarin taalverandering plaasvind



Taalverandering: 'n Twee-stap-proses

- Variasie: Waartydens variantlingueem gevestig word
- Seleksie: Waartydens een lingueem bevoordeel word, wat lei tot propagasie



Variasie

- “... language is essentially a tool to another end. As long as the end is successfully achieved, the linguistic behaviour toward that end was effective enough...”
- Baie hoë toleransie vir variasie (foneties en grammatikaal)
- Grammatikale strukture = linguistiese konvensies
- Konvensies ontstaan uit vorige suksesvolle kommunikasiegebeure
- Taalkundige konvensies is nie perfek nie weens indeksikaliteit en dubbelsinnigheid
- Gesamentlike opvallendheid (‘joint salience’) word belangriker as konvensie
- Baie ruimte vir variasie in formulering en interpretasie
- Opsetlike variasie (meer ekspressief, voorkom misverstande, bespaar energie)
- Onopsetlike variasie (variasie wat voortdurend gegenereer word tydens die gebruik van konvensionele taal)

Variasie II

- Populasie van lingueme word gedefinieer deur die populasie van sprekers wat die lingueme in taalgebruik repliseer
- Die definisie van 'n “spraakgemeenskap” is 'n bietjie lastig
 - Sprekers van dieselfde taal
 - Taal?
 - Croft: “Members of the speech community communicate with each other, and the community is defined by its communicative isolation from other communities.”
 - Die individu is altyd deel van verskeie spraakgemeenskappe
- Vertroud met lingueme met soortgelyke BETEKENIS uit verskillende gemeenskappe
- “Those variants may belong to what linguists call different languages in a multilingual society ...”

Seleksie (*propagasiemeganismes*)

- Variante word op verskillende maniere gerepliseer (verspreiding vs. uitwissing)
- Gevolg van omgewingsinteraksie
- Opsetlike seleksie vind dikwels plaas op grond van identiteit
 - Lingueme word verskillende sosiale waardes (‘fitness values’) toegeken wat seleksie beïnvloed
- Onopsetlike seleksie
 - Drywing: Seleksie gebaseer op frekwensie
 - Neutrale-interaktorseleksie: Afhanklik van ’n interaktor wat met ander interaktore in wisselwerking tree en wat ’n lingueem produseer
 - Gewigtoegedeelde-interaktorseleksie: Afhanklik van die waarde wat aan die interaktor wat die lingueem produseer, geheg word
 - Replikatorseleksie: Afhanklik van die waarde wat aan die lingueem self geheg word
- Croft: “It is likely that all four mechanisms play a role in the propagation of language changes in most if not all situations.”

Terug by die passiefkonstruksie: Variasie

- Toon vormlike ooreenkoms met kopulakonstruksie, maar staties vs. dinamies
- Kopulakonstruksie het hoë frekwensie: Vestiging van *is* as teenwoordigetydwerkwoord
- Engels:
 - Identiese struktuur
 - Vestig teenwoordigetydbtekenis van *is* verder
- *was* = verlede tyd, dus ook in die passief

Propagasie

- **Drywing**
 - *is* word steeds in Afrikaans gebruik
 - Hoë frekwensie van Engelse en Afrikaanse kopulakonstruksie
 - *was* in die passief kom meer gereeld in die spraakgemeenskap voor, sal versprei
- **Neutrale-interaktorseleksie**
 - *was* word in die passief gebruik deur Engelse en Afrikaanse lede van die spraakgemeenskap
 - Hoë waarskynlikheid dat 'n interaktor *was* in die passief sal produseer
- **Gewigtoegedeelde-interaktorseleksie**
 - Hooggewaardeerde interaktore (radio-omroepers, TV-aanbieders, onderwysers, dosente, bekendes, smaakmakers ...) gebruik *was* in die passief
- **Replikatorseleksie**
 - Minder besorgdheid oor anglismes
 - Hoër waarskynlikheid dat *was* gekies sal word



Die volgende vlaag ...

- Die verledetydvorm van die V in die passiefkonstruksie is 'n ADJ
- Kan saam met ander kopulas gebruik word

Tot slot

- *wees* kom in al sy vorme nog dikwels in verskillende Afrikaanse konstruksies voor
- Die passiefkonstruksie is aan die verander
 - Vanuit 'n taalevolusieproses, m.b.t. *was*:
 - Die variasie is die gevolg van taalkontak met Engels EN kontaminasie van die kopulakonstruksie
 - Die propagasie is die gevolg van hoë frekwensie – met Engels in ag genome; Afrikaanse mense se leefwêreld verengels
 - En dan lei die gebruik van *was* tot verdere verandering
- En so is dit met taal!

